Landbou Weekblad No 1645 dd 19/03/2010
pg 62

Staat wil prospekteer in biosfeer

Deur ISABEL STOLTZ

Die Regering is voornemens om in 'n bewaringsgebied in die Waterberge te prospekteer vir minerale.

Volgens 'n grondeienaar val die betrokke gebied binne die Waterberg-natuurbewaringsgebied en die UNESCO-geregistreerde Waterberg-biosfeerreservaat.

Die onlangs gestigte staatsmynmaatskappy, African Exploration, Mining and Finance Corporation (AEMFC), het aansoek gedoen om vir yster, mangaan en andalusiet te prospekteer oor 'n gebied van 1 150 ha teenaan die Mokolorivier-natuurreservaat en binne die genoemde bewaringsgebiede wat in private besit is.

Die gebied grens aan die Mokolorivier wat onder groot druk is weens Eskom-ontwikkelings en ander mynbedrywighede in die vatbare Waterberg-gebied.

Mense is van die kennisgewingdatum op 15 Februarie 30 dae gegun om kommentaar op die aansoek te lewer.

Volgens 'n kundige is die aansoek "ligsinnig" met "geen moontlikheid van ekonomiese neerslae van dié minerale in die Waterberg-sandsteen nie".

Geen van die formasies waar yster en mangaan by Thabazimbi en Kuruman en andalusiet in spesifieke geologiese omgewings by Zeerust en Mokopane gemyn word, kom in die Waterberg-sandsteen voor nie, sê hy.

Mnr. G.P. Kriel van die omgewingsdiens Environmental Impact Management Services, het bevestig dat die gebied waar prospektering beoog word, binne die Mokolorivier-natuurreservaat is.

Hy sê egter volgens ondersoeke is dit nie 'n formeel geproklameerde beskermde gebied nie en ook nie die ander beskermde gebiede nie. Volgens hom is met die aansoek begin "op grond van die beskikbare geologie van die gebied en die feit dat daar wel ontginbare minerale mag voorkom".

Kriel sê as deel van die proses is met elkeen van die betrokke eienaars kontak gemaak en die nodige dokumentasie aan hulle voorsien. Hy het onderneem om die omgewingsbestuursplan aan *Landbouweekblad* beskikbaar te stel sodra dit voltooi is.

Volgens Southern Africa Resource Watch (SARW) het die staatsmaatskappy sedert sy ontstaan sowat R50 miljoen aan mynbedrywighede bestee. Tien prospekteer- en mynlisensies is reeds aan die AEMFC toegestaan, hoofsaaklik vir steenkool.

Na bewering word druk deur die maatskappy uitgeoefen vir mynregte by die Vlakfonteinsteenkoolmyn in Mpumalanga om dit in die derde kwartaal vanjaar in bedryf te bring teen 'n koste van R150 miljoen. Finansiering kom van die Sentrale Energiefonds as alleen-aandeelhouer.